Op 1 Januarie 2025 het Ina Marx, ‘n baie bekende en hoogs aangeskrewe werknemer van SARS, die tydelike met die ewige verwissel. Ina is gebore in 1950. Na skool het sy gaan werk by SARS en deeltyds studeer aan die Universiteit van die Oranje Vrystaat. Sy het vir ‘n tyd in Bloemfontein gewoon en haar BCom Graad in 1971 bekom. In 1981 het sy haar BProc Graad behaal. Verder het sy in 1982 ‘n Trustee Diploma behaal en daarna in 1999 ‘n Meestersgraad met die klem op Boedelbelasting voltooi.

Ina het ook vroeër ‘n Boedelbelasting Handleiding saamgestel, wat uitstekend was, maar wat ongelukkig bloot bedoel was as ‘n interne SARS handleiding wat nie beskikbaar is vir die publiek nie. Ina se Tesis vir haar Meestersgraad het gehandel oor Artikel 4q van die Boedelbelastingwet met die titel *Etlike Probleme rakende die toepassing van Artikel 4q van die Boedelbelastingwet*. Artikel 4q is later tot ‘n mate gewysig en ek sal nie verbaas wees indien Ina se Tesis bygedra het tot latere wysigings van Artikel 4q nie.

Ina was ook betrokke by die skrywe van die volgende wat tans nog beskikbaar is op SARS se webblad naamlik ‘n artikel genaamd *“Estate Duty Implications On Key Man Policies”* asook *“Estate Duty Implications On Buy-and-Sell Agreements, where shares are held in Trusts”*.

Ek weet dat Ina betrokke was by hierdie skrywes, maar ek is nie seker of dit wel later, nadat sy siek geword het, deur iemand anders opgedateer is nie.

Ek het Ina vir die eerste keer persoonlik ontmoet toe ek na Pretoria verhuis het en sy my versoek het om die lede van die fidusiêre forum, waarvan sy lid was, en wat vandag nog bestaan, toe te spreek oor die belasting van trusts.

Ina se kennis van Boedelbelasting was uitstekend en ek wil my verstout om te sê dat ten minste 50% van wat ek vandag weet van Boedelbelasting, ek by Ina geleer het.

Ek weet nie van enige persoon wat Ina geken het, wat nie haar kennis en vriendelikheid bewonder het nie. Sy was ‘n werklike dame en altyd bereid om mense van die publiek asook haar mede-werkers behulpsaam te wees veral wat betref Boedelbelasting.

Soos ek Ina met die tyd beter leer ken het, het ek besef dat ek enige tyd met haar kan kontak indien ek of ‘n kliënt van my ‘n probleem ondervind met Boedelbelasting. Ina was altyd vriendelik en bereid om tyd te maak vir enigiemand wat haar hulp nodig gehad het.

Ina het ook heelwat lesings aangebied aan SARS personeel en ook, onder andere, die Meester van die Hooggeregshof. Hoewel Ina operasioneel in beheer van die Boedelbelasting afdeling was, het sy van tyd tot tyd nie geskroom om met die regsafdeling te konsulteer en selfs te help wat betref sekere aspekte in die Boedelbelastingwet nie.

Op 28 Februarie 2011 het ‘n ramp vir Ina, haar familie en ook al die mense wat haar geken het getref. Ina het asemnood ontwikkel en, nieteenstaande die feit dat sy lank in die hospitaal was, het sy breinskade opgedoen en is sy medies ongeskik verklaar.

Die mees tragiese hiervan is dat Ina vir 13 jaar en 10 maande medies ongeskik was en nie herstel het nie. Sy moes ‘n groot deel van die res van haar lewe in ‘n rystoel deurbring. Ek kan my nie indink wat die effek is wat so ‘n ramp moes hê op ‘n briljante en geliefde persoon soos Ina nie. Hoewel al die mense wat haar ken, haar familie natuurlik ingesluit, die hartseer van haar afsterwe moes verduur is ek van mening dat almal besef dat Ina nou op ‘n beter plek is.